



# LAERSKOOL PARK

Tel.: 044-691 1020\1  
E-Pos [parklaerskool@gmail.com](mailto:parklaerskool@gmail.com)  
Webblad [www.parklaerskool.co.za](http://www.parklaerskool.co.za)  
Prinsipaal D.F. Du Toit

Kaapweg 49  
Posbus 96  
MOSELBAAI

30 Augustus 2021

Geagte Ouers/Voogde

Ek bring die volgende belangrike sake onder u aandag:

## 1. OKTOBERSKOOLVAKANSIE

Die minister van Basiese Onderwys het aangekondig dat die Oktobervakansie nie in gedrang is nie. Die skool sluit dus op Vrydag, 1 Oktober 2021 en open op Maandag, 11 Oktober 2021. Dit is goeie nuus vir beide leerders en personeel ter wille van hul emosionele welstand. Ons besef ook dat heelwat ouers vakansiereëlings getref het en kan nou met vrymoedigheid daarmee voortgaan.

## 2. SPORT EN BUIE-KURRIKULêRE BEDRYWIGHEDE

Die skool het pogings aangewend om verskeie netbal-, hokkie-, en rugbywedstryde vir ons senior skoolspannetjies te reël. Ongelukkig het dit nie gerealiseer nie aangesien verskeie skole al onttrek het weens die toename in Covid-gevalle.

Ons 0/13 A-netbaldogters en -rugbyseuns speel eerskomende Woensdag 'n wedstryd teen Milkwood Primary te Laerskool Park. Wedstryde sal egter sonder toeskouers plaasvind. Dit sal die enigste keer wees in 2021 dat die spelers die geleentheid kry om hul talente ten toon te stel.

Sportoefeninge sal amptelik op Woensdag, 8 September stop. Die 0/13-hokkiedogters en -hokkieseuns speel op 9 September 2021 hul wedstryde teen Milkwood Primary.

## 3. TOETSREEKS

Die amptelike toetsreeks skop af vanaf 16 September tot 23 September 2021.

## 4. OUERAAND EN UITDEEL VAN RAPPORTE

- **Rapporte** word uitgedeel op Vrydag, 1 Oktober 2021.
- Ouerafsprake sal deur die klasonderwyser met geïdentifiseerde ouers gereël word op Donderdag, 30 September 2021. Dit staan enige ouer wat graag van die geleentheid wil gebruik maak, vry om ook 'n afspraak vir die aand te reël.

## 5. ALGEMENE OUERAAND – BEGROTING 2022

Op Dinsdag, 26 Oktober 2021 om 17:30 vind ons Algemene Begrotingsvergadering plaas vir die vasstelling van ons jaarlikse skoolfonds. Teken nou reeds hierdie belangrike datum in u dagboek aan. Kom lewer u inset en verkry eerstehandse kennis in die werking van die skoolbegroting. Die voorgestelde begroting vir 2022 sal vanaf 12 Oktober 2021 ter insae by die finansiële kantoor beskikbaar wees.

Vriendelike groete

SKOOLHOOF  
DF du Toit